**Vrydag 25 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:129-136 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:129, 131**

**Die Here se Woord gee wonderkrag vir elkeen wat daarna smag**

Dink mooi na oor die volgende vraag: Is die Here en sy Woord nog elke dag belangrik genoeg vir jou? Dalk is jou lewe net te besig. Dalk is die kritiek wat teen die Bybel en jou as Christen uitgespreek word die rede dat dit jou lou of koud maak. Dalk trek iemand anders se sonde of jou eie sonde jou af in 'n gat en jy dink die Here wil jou nie meer red nie.

Die Psalmdigter het vir seker ook baie dinge beleef wat hom afgetrek het, maar met die leiding van die Heilige Gees word deur die skrywer erken dat die Here se Woord *wonderkrag gee vir die een wat daarna smag* (vs 129).

Hierdie *smag* roep die beeld op van 'n oop mond waarmee ek hyg, dors en hunker na die Woord. Om jou mond oop te maak, beteken jy wil meer kos of water ontvang, druppel vir druppel en korreltjie vir korreltjie. So wil ons niks mis uit die Woord nie, daarmee gevoed word en het ons die grootste begeerte om met opgewondenheid nog meer te leer!

Ten spyte van neerdrukkende omstandighede kom intense innerlike en uiterlike verwonderende vreugde in God en sy Woord. Die Heilige Gees wek met die Woord *wonderkrag* binne ons op en spoor ons aan om God verder te dien, om elke dag Christus se verlossing vas te gryp en dankbaar te lewe. Geen medikasie, wetenskap of ander dogma kom naby aan die Here se Woord nie!

Maak gereeld die Bybel oop en jy sal al hoe meer beleef hoe die donker in jou liggaam, siel en gees verdryf word. Hou vol daarmee. Jy wat glo in God die Vader, Seun en Heilige Gees, jy is kind van God! Smag na God en sy Woord en beleef elke dag God se wonderkrag!

*Sing: Psalm 119-1:47; Psalm 84-1:3*
*Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)*